Oordenking
9 April 2009

Jesus word begrawe

Veertiende plek op die kruisweg.

Dis vandag Maundy Donderdag. Die woord Maundy hou verband met die begrip "voetwassing" en verwys daarna dat Jesus en sy dissipels op die Donderdagaand voor Goeie Vrydag vir die laaste keer saam was toe Hy en hulle reeds in die skaduwee van die kruis verkeer het.

Op hierdie Donderdag vier ons tradisioneel die Tenebrae Diens. Tenebrae is die Latyn vir "duisternis".

Ons word gevra om tydens hierdie diens na te dink oor die betekenis van die donkerte wat Jesus deurgegaan het ter wille van ons. Die voortgaande uitdowing van kerse is simbolies van die toenemende duisternis wat dié aand oor Jesus gekom het – toe sy dissipels Hom in die steek gelaat het, toe Hy die bitter haat van sy vyande en die verraad en verloëning uit sy eie kring ervaar het.
Die oomblikke van totale duisternis tydens die diens herinner ons aan daaraan dat Hy begrawe is.
Die sentrale kers word weer aangesteek as profesie van die Opstanding wat so gou sou aanbreek.

***Lukas 23:50-54**: Daar was 'n man met die naam Josef... Hierdie man het na Pilatus toe gegaan en die liggaam van Jesus gevra. Nadat hy dit van die kruis afgehaal het, het hy dit in linne toegedraai en in 'n rotsgraf neergelê waarin nog nooit tevore iemand begrawe was nie. Dit was Vrydag, en die Sabbat het al begin aanbreek.*

Die begrafnis maak dit heeltemal duidelik dat Jesus werklik dood was – dat Hy regtig gesterf het. Dit wys ons ook waar Jesus opgestaan het.

Die Sabbat het al begin aanbreek, skryf Lukas. Jesus het in die graf gerus, want sy lydingswerk vir ons was klaar.
'n Graf mag die indruk skep dat alles verlore is, maar Hy sou weer opstaan.
Dit was op Vrydag dat Jesus gesterf het.
Maar Sondag sou gou kom.

Ons het saam met Christus gesterf en ons ou, sondige mens is saam met Hom begrawe. Die nuwe mens, 'n nuwe dag, is naby.
Die Sondag van 'n heerlike lewe in Jesus, sal spoedig kom.

***Gebed**: Here Jesus, ons onthou dat u werklik gely het en gesterf het. U het die finale straf vir ons sonde, en vir my sonde, gedra. Die werklikheid van u dood open vir my die deur tot die werklike, ware lewe. As ek hierdie onbegryplike genade oordink, kan ek nie anders as om uit te roep nie: "U grote liefde, is dit vir my? Moes U, my God, vir my so ly?" Amen.*